

OM MET DIE HERE SE SEËN TE LEWE

WATERKLOOFKERK; SONDAG 11 AUGUSTUS 2019; NUMERI 6:22-27

'n Foto op die internet van 'n Acacia (tortillis?) deur Florian Prischl trek mens se aandag. Hoe kan die boom in 'n wadi (droë rivierloop) van die Sinaiwoestyn lewe? Is daar 'n geheim? 'n Onsigbare waterbron? 'n Besondere taai weerstand teen woestynhitte in die boom se gene?

Oorlewingsvrae is nodig in ons tyd in ons land. Die bekendste bly dalk dié van dr Victor Frankl. Hy is die Joods-Oostenrykse psigiater wat vier konsentrasiekampe van die Hitler-regime oorleef het. In kort was sy antwoord dat die oorlewingskuns se krag 'n mens se vermoë tot keuse is. Jy kan steeds, ongeag wat met jou gebeur, kies hoe jy gaan reageer op jou omstandighede en jou vyand se dade. Om te kies om betekenisvol te bly lewe ongeag omstandighede, kan mens red.

In die Jode se ballingskapyd het Frankl se voorgeslag van Joodse denkers gedink hoe hulle die magtige en indrukwekkende Babelse kultuur kan oorleef sonder om hulle geloof, taal en identiteit te verloor. Hulle vind 'n voorbeeld in die woestynuittog – deur die einste Sinaiwoestyn waar die Acacia oorleef. Volgens die boek Numeri (Latyn vir 'getalle') wat in Hebreeus volgens die beginwoorde van die boek 'In die woestyn' heet, is daar twee aspekte wat jou die woestyn kan laat oorlewe: 1. God se orde en 2. God se seën.

Ons het baie gemaak van God se orde. Die wette en die reëls oor rein en onrein wat die volk moes gehoorsaam, is goed bekend. Veral die Tien Gebooie wat die volk vir hulle woestynreis ontvang het, is Sondag vir Sondag in ons eredienste gelees. Ons weet dat die fokus van die na-ballingskapyd die Joodse godsdienst in 'n wettiese godsdienst verander het. Jesus verste hom hierteen in sy boodskap oor die koninkryk.

Teenoor die fokus op die voorskrif (wat ons moet doen) het ons van die Here se seën 'n blote naskrif gemaak. Aan die einde van ons eredienste is dit gegee. By daardie tyd was ons as kinders al baie moeg. Miskien moes ons eers gehoor het dat die Here seën - dat die Here omgee én gee voor ons moes hoor dat die Here gehoorsaamheid vra. Om te oorleef, gaan immers om gehoorsaam te doen maar veral ook om te ontvang. As Gereformeerde Christene is ons met rede sensitief dat God se genade voorrang kry.

Daarom focus ons vanoggend op die ontvangs van die Here se seën. Die Aaronitiese seën wat in Numeri 6 in drie dele verdeel is, is merkwaardig kunstig in die oorspronklike Hebreeus beskrywe (bv Coenie Burger in Woord teen die lig Deel III/1). Die eerste deel het drie woorde met 15 letters, die tweede het vyf woorde met 20 letters en die derde het sewe woorde met 25 letters. Dié kunstige opbou, bied 'n rede waarom 'In die woestyn...' na 'Numeri' hernoem is.

I Vers 24. God seën deur ons te bewaar.

Ons hoor die oor die Here se 'bewaring' maar maak min daarvan. Waarskynlik omdat ons gewoon is aan die woorde en gewoon is dat ons relatief veilig kan lewe. 'n Kaapse predikant vertel hoe die woorde diepe betekenis kry nadat hulle as gesin in 'n motorongeluk was. Talle van ons wat deur sulke trauma was, sal dit kan bevestig. Die motor se ruitglas wat tot dusver teen koue en wind beskerm het, kan mens nou sny. Die deure wat jou laat uitgaan het, hou jou nou vas. Alles is verkeerd om. Soms lê jy letterlik onderstebo. Dan is dit nodig om te weet God is daar! Wanneer botsings, misdaad, teleurstelling en siekte ons tref, het ons nodig om diep binne te besef: God sorg op 'n manier dat die kwaad nie heeltemal hand uit ruk nie.

Ons troos mekaar dat 90% van die dinge wat ons vrees, ons nie gaan tref nie (Burger). John Steinbeck vertel dat hy 'n kommerkous is al is dit dom om een te wees. Indien dit waaroor jy jou bekommer, nie gebeur nie, het jy onnodig al deur 'n deel van die swaar daarvan gegaan. Indien dit wel gebeur, moet jy vir 'n tweede keer daardeur. Mens kan egter ook dink 90% is onnodig maar die 10% wat wel gebeur, is klaar erg genoeg... Die tweede deel van die seënbede is juis vir hierdie 10%...

II Vers 25. In nood laat God sy aangesig oor ons skyn!

Claus Westermann, 'n Ou Testament-kenner, wys dat God se sorgende genade vir die gewone gang van die lewe veral in die skeppingsverhale na vore kom. God sorg vir lewe, reën, oeste, nageslag en 'n toekoms. In die uittogverhale meen Westermann hoor ons veral van God se reddende genade wat ons help wanneer dinge – al is dit nou net 10% - verkeerd loop.

Al sou mense ervaar dat God sy rug en gesig van lyding af wegdraai en sommige swaarkry so interpreteer vertel die uittoggeskiedenis dat God juis nie sy gesig wegdraai van ons pyn en swaarkry nie maar letterlik sy gesig oor ons laat skyn. Ons as Christene weet dat ook Jesus beleef het God draai sy gesig weg, God verlaat hom, maar dat dit net 'n gevoel is, 'n verstaanbare gevoel. In werklikheid het God sy aangesig oor Jesus laat skyn. Hy los ons nie maar help juis in nood. Hy is op 'n manier in ons lyding reddend teenwoordig.

III Vers 26 God verhef sy aangesig – God kyk bewonderend na jou

Die huidige Afrikaanse vertaling vertaal dat God ons gebede verhoor. Dis 'n poging om 'n moeilike en skaars uitdrukking te vertaal. Dis egter beter om 'verhef sy aangesig' te vertaal met 'bewonderend kyk' of 'God verlustig Hom in jou' na aanleiding van ander plekke waar die uitdrukking gebruik is. Soos 'n afrigter wat na sy atlete op die baan kyk en verwag dat hulle goed gaan doen of ouers wat na die konsert van hulle kind of kleinkind kyk en vol bewondering vir hom/haar is. Wat sou dit nie aan die ballinge gedoen het nie? Nie langer moes hulle dink God is skaam oor wat ons gedoen het en daarom draai Hy liewers sy gesig weg van ons af nie! Nee, God verhef sy gesig oor ons want Hy het steeds 'n droom vir ons as sy mense. Ons kan glo God kyk steeds met bewondering na ons en hoe ons in Babel of Suid-Afrika die beste van 'n slegte saak gaan maak. Hoe ons - tipies van God se mense – ook van hierdie verleentheid 'n nuwe geleentheid gaan maak want ons is die ontvangers van sy seën en sy guns.

Ons kry sy vrede, sy sjaloom - wat omvattende welsyn en harmonie in alle verhoudinge is - deur sy alledaagse sorg, deur sy redding in die sogenaamde 10% van wat verkeerd loop en in sy anders kyk na ons wat heling bring. Indien ons God se sorgende genade veral in die skeppingsverhale ontmoet en sy reddende genade in die uittogverhale waar ontmoet ons veral sy helende genade? Verskeie plekke. Maar Jesus se saligsprekinge en koninkryksgelykenisse is beslis ook vol daarvan.

Die Bonsai-meesters doen ten minste drie dinge aan hulle kosbare bome. Hulle sorg vir water en nuwe grond. Hulle sny onnodige take uit en red plant van plantsiektes. Dalk is die belangrikste dat hulle hul gesig oor hulle boompies verhef: hulle kyk met bewondering en met groot verwagting na hulle boompies.

Om te oorleef het ons hierdie seën van die Here nodig. Ons het sy versorging, redding en helende verwagting nodig. Ons kan glo God gee dit soos 'n Bonsai-meester al is ons nie 'n veilige bakkie nie maar soos 'n Acacia-boompie in die woestyn van harde werklikheid.

AvN Koninkrykstyl 2019